

Graad 11

Begrip en visuele geletterdheid

Deur: Hanneke Basson (Hoër Meisieskool Herschel)

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: Artikel

Eet gratis in Kaapstad – mits jy mooi is

Deur: Ané van Zyl

- 1 'n Nuwe toep bied gebruikers die geleentheid om gratis te eet, drink en selfs te oefen in stede soos Kaapstad, New York en Milaan.
- 2 Daar is net een voorwaarde: Jy moet 'n model wees.
- 3 Al die gebruikers van Beauty Pass-toep is modelle van uitgesoekte modelagentskappe oor die wêreld heen. Dit verbind die modelle met van die beste eetplekke, klubs en gimnasiums wêreldwyd, waar hulle op die hande gedra word – sonder om 'n sent te betaal.
- 4 Die gebruikers kan uitgesoekte Beauty Pass-plekke met die selfoon-toep of webtuiste opspoor en deur verskillende kategorieë (restaurante, kafees, klubs, hotelle, kroeë en gimnasiums) blaai om uit te vind waar ander Beauty Pass (BP)-lede uithang. Dit sal die gebruiker wys waar en wanneer ander hooggeplaaste BP-gebruikers hul tyd bestee.
- 5 'n Skakel na die webtuiste laat gebruikers toe om al die inligting te kry wat hulle nodig het om 'n bespreking te maak om saam met ander invloedryke skoonhede gesien te word.
- 6 “Beauty Pass-lede het toegang tot ondernemings se spesiale aanbiedinge in ruil vir bemarking op sosiale media. Modelle is baie invloedryk in die digitale bemarkingswêreld en ondernemings kan die BP-modelle se invloed gebruik om potensiële kliënte te bereik,” sê die webtuiste.
- 7 “'n Mens sou kon sê dat dit oneerlik is om dit as 'n kostebesparingstoep te bemark as dit baie duidelik is dat die teikengroep die stede se glansmense is,” sê Marelise van der Merwe, redakteur van Fin24.

8 “Hierdie toep is nie ’n aanklag teen adverteerders en bemarkers nie. Dis eerder ’n aanklag teen verbruikers. Dit is eenvoudig die toppunt van wat bemarking en advertering geword het. Die industrie is lank gebou op beeldskone mense wat produkte en lewenstyle aan ons verkoop. En dít het nie verander nie, want dit werk. Die vraag wat ons onself moet vra, is hoekom dit werk en wat moet verander.”

(BRON: Verwerk vanaf www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/eet-gratis-in-kaapstad-mits-jy-mooi-is-20190128 en <https://www.fin24.com/Opinion/freebie-app-for-beautiful-people-is-marketing-gone-wild-20190122>)

- 1.1 Noem een taaltegniek wat die skrywer gebruik om die opskrif treffend te maak. [1]
 - 1.2 Wat het die drie stede (paragraaf 1) binne die konteks van die teks gemeen? [1]
 - 1.3 Hoe word die vereiste vir die gebruik van die toep beklemtoon? [1]
 - 1.4 Watter stereotipiese idee verklap die plekke waar die toep gebruik kan word oor die gebruikers daarvan? [1]
 - 1.5 Waarom is die afkorting (B)BP (paragraaf 4) gepas vir hierdie toep? [1]
 - 1.6 Watter menslike behoefte gebruik die bemarkers van die toep om gebruikers te lok? [1]
 - 1.7 Verduidelik hoe die onderstaande partye voordeel uit die toep trek:
 - 1.7.1 toepgebruikers
 - 1.7.2 ondernemings [2]
 - 1.8 Verduidelik Marelise van der Merwe se standpunt in paragraaf 7 in jou eie woorde. [2]
 - 1.9 Wat impliseer Marelise met die woorde “ ’n aanklag teen verbruikers”? [1]
 - 1.10 Wat is jou antwoord op Marelise van der Merwe se vrae (paragraaf 8):
 - 1.10.1 Hoekom werk dit?
 - 1.10.2 Wat moet verander? [2]
 - 1.11 Hoe gee die skrywer gewig aan haar artikel? [1]
 - 1.12 Sal jy die BP-toep wil gebruik? Motiveer jou antwoord. [1]
- [15]**

Die volgende vrae is op die spotprent op die volgende bladsy gebaseer.*

- 1.13 Hoe kan jy in die spotprent sien dat dit ’n deftige restaurant is? [1]
- 1.14 Die spreker lyk asof hy nie in hierdie restaurant hoort nie. Stem jy saam? Gee ’n rede. [1]
- 1.15 Wat verklap die kelner se gesigsuitdrukking van sy vooroordeel teenoor die spreker? [1]
- 1.16 Hoe misbruik die spreker die betekenis van die woord “model” om voordeel te trek? [2]
- 1.17 Verduidelik die muis (regs onder in die hoek) se woordspel in jou eie woorde. [2]
- 1.18 Hoe word teen die spreker gediskrimineer as jy sy woorde in gedagte hou? [1]
- 1.19 Kyk na die spreker se gesigsuitdrukking. Watter emosie word daardeur weerspieël? [1]
- 1.20 Dink jy die spotprenttekenaer slaag daarin om sy boodskap effektief oor te dra? Gee ’n rede vir jou antwoord. [1]

[10]

Eerste Addisionele taal

TEKS B: SPOTPRENT



(Bron: Die Burger, 31 Januarie 2019)

Die volgende vrae is op die advertensie op die volgende bladsy gebaseer.*

- 1.21 Wie is die adverteerder? [1]
- 1.22 Wie is die teikenmark? [1]
- 1.23 Haal 'n frase aan wat die adverteerder se kundige ervaring beklemtoon. [1]
- 1.24 Watter stereotipe word in die advertensie uitgedaag? [1]
- 1.25 Vertaal die slagspreuk in goeie Afrikaans. [1]
- 1.26 Watter menslike behoefte word deur die adverteerders aangespreek? [1]
- 1.27 Noem twee goeie tegnieke in die advertensie. [2]
- 1.28 Noem twee maniere waarop jy die advertensie sou verbeter. [2]

[10]

TOTAAL: 35


TEKS C:

ADVERTENSIE



As jy dit kan droom, kan ons jou dit help bou.

Met meer as 42 jaar se kennerdienste, -produkte en -raad agter die blad, kan ons jou help met enige houtwerk- of doen-dit-self-projek onder die son.

Meer as 40
projekvennote
landswyd!



Ons verskaf professionele bordsaag-, boor-, randafwerking- en kasontwerpdienste • Groot verskeidenheid produkte • Meer as 40 winkels landswyd • Afleweringdienste beskikbaar vir jou gerief

 timbercity.co.za  [@timbercity](https://www.facebook.com/timbercity)



TIMBERCITY
Your Project Partner

(Bron: *Tuis*-tydskrif, Januarie 2019)

Eerste Addisionele taal

NASIENRIGLYNE

TEKS A: ARTIKEL

- 1.1 alliterasie/aandagstreep (Barret 1) [1]
- 1.2 In hierdie stede kan die modelle wel dié toep gebruik. / Bekend as modestede. / Elkeen het 'n modeweek. (B3) [1]
- 1.3 Alleenplasing (B1) [1]
- 1.4 Die plekke impliseer 'n oppervlakkige/plesiersoekerige/hedonistiese lewe. (B3) [1]
- 1.5 (B)BP = (baie) belangrike persoon. Die toep impliseer dat gebruikers belangrik/spesiaal/uitgesoek is. (B3) [1]
- 1.6 Die behoefte om spesiaal/eksklusief/belangrik te voel. (B3) [1]
- 1.7.1 gratis kos/drankies/vermaak/oefening/verblyf (B1) [1]
- 1.7.2 bemerking op sosiale media (B1) [1]
- 1.8 Sy sê dit is nie korrek om voor te gee die toep is ontwerp om vir die gebruiker geld te spaar nie. Glansmense verdien baie geld en het nie nodig om geld te spaar nie. (B2) [2]
- 1.9 Sy bedoel mense/verbruikers is skuldig daaraan dat hulle hierdie soort bemerking ondersteun. (B1) [1]
- 1.10.1 Mense wil almal mooi/spesiaal/belangrik wees en dink as hulle die produkte koop wat deur mooi/spesiale/belangrike mense geadverteer word, sal hulle ook so wees. (B4) [1]
- 1.10.2 Verbruikers moet adverteerders dwing om meer realistiese mense in advertensies te gebruik. (B1) [1]
- 1.11 Sy gebruik die mening van Marelise van der Merwe, 'n redakteur van 'n gerekende publikasie. (B1) [1]
- 1.12 Ja, ek wil ook gratis goed kry. / Ek wil ook saam met glansmense uithang. Nee, die toep ondersteun 'n oppervlakkige lewe waarmee ek nie identifiseer nie. (B4) [1]

[15]

Denkvlakke: 1,2 = 7 punte, 3 = 5 punte, 4,5 = 3 punte

TEKS B: SPOTPRENT

- 1.13 Die kelner is baie formeel aangetrek./Die manier waarop die kelner die skinkbord dra. (B3) [1]
- 1.14 Ja, hy is baie informeel aangetrek/lyk onversorg. Nee, almal hoort daar indien hulle kan betaal. (B3) [1]
- 1.15 Hy lyk afkeurend/asof hy dink die spreker is nie goed genoeg om in die restaurant te eet nie. (B3) [1]
- 1.16 Die algemene gebruik van "model" is die stereotipiese maer mens wat klere of produkte adverteer. Die spreker gebruik "model" vir die betekenis van voorbeeld. (diskresie) (B2) [2]
- 1.17 Iets wat gewig dra, het belangrikheid/aansien. Die muis gebruik die uitdrukking om te impliseer dat die spreker vet is. (B2) [2]

- 1.18 Hy word verbied om gratis by die restaurant te eet omdat hy nie soos 'n model lyk nie. (B3) [1]
- 1.19 Ontsteltenis/ongelukkigheid/verontwaardiging. (Aanvaar ook omskrywing.) (B2) [1]
- 1.120 Ja, 'n kommerwekkende sosiale tendens word met humor belig. (B4) [1]
- [10]**

Denkvlakke: 1,2 = 5 punte, 3 = 4 punte, 4,5 = 1 punt

TEKS C: SPOTPRENT

- 1.21 Timbercity (B1) [1]
- 1.22 Mense wat selfdoenprojekte wil aanpak/of hul huise wil verbeter. (B3) [1]
- 1.23 "meer as 42 jaar se kennerdienste" (B1) [1]
- 1.24 Vroue doen nie huisverbeteringe/houtwerk/hande-arbeid nie. (B3) [1]
- 1.25 Jou projekmaat/jou projekvennoot (diskresie) (B5) [1]
- 1.26 Die behoefte aan gemak/veiligheid/sekerheid. (B3) [1]
- 1.27 Enige TWEE: Verskillende lettertipes./Groot prent./Genoeg inligting./Klem op betroubaarheid. (B3) [2]
- 1.28 Enige TWEE:
Voorbeelde van gesogte produkte. / Voorbeelde van mooi huise/projekte./
Produkte met pryse./Meer besonderhede oor produkte. (B5) [2]
- [10]**
Totaal: 35

Denkvlakke: 1,2 = 2 punte, 3 = 5 punte, 4,5 = 3 punte

NOTA van Redakteur:*

Vir *Klasgids*doeleindes, moet die spasiëring en uitleg van die oorspronklike dokumente soms aangepas word om maksimale spasiebenutting te verkry.

Die ideaal is om 'n visuele teks boaan die bladsy te hê met die vrae onderaan (soos wat die oorspronklike dokument was), sodat die leerders nie heeltyd om hoef te blaai nie. Jy moet ook probeer om 'n gedig in sy oorspronklike formaat te gee, sonder om strofes langs mekaar te plaas. Laat die gedig eerder na die volgende bladsy oorloop, indien dit baie strofes het.

Wanneer jy jou vraestel/toets opstel, laat jou deur die uitleg van die eindeksamen vraestelle lei. Leerders is reeds so gespanne in 'n eksamen en wanneer die vraestel heeltemal anders lyk as waaraan hulle gewoond is, sou dit onbewustelik ekstra spanning kon veroorsaak. Probeer dus om reeds vanaf graad 11 jou vraestelle min of meer soos die eindeksamen te laat lyk.

Elke bietjie help!